**Donderdag 16 Julie**
**Skrifgedeelte: Rigters 7:1-22**
**Fokusgedeelte: Rigters 7**
**Krag in swakheid**

Nadat Gideon deur die Here versterk is met die twee tekens van die wolvlies, het hy gehoorsaam laer opgeslaan om te veg. Dan gebeur daar iets wat niemand sou verwag nie. Die Here sê dat die manskappe by Gideon te veel is. Te veel? Hulle is dan te min teen Midian se springkaanswerms. Hoe kan die Here sê hulle is te veel?

Die Here verminder die leër van 32 000 tot 300 man. Hoe swak is jy nie dan nie? Jy voel nie net swak nie, jy ís swak. Die Here hou vir Gideon swak, sodat Hy sy krag deur Gideon kan openbaar. Hy versterk egter Gideon se geloof weer ’n keer wanneer Gideon en Pura van die droom en sy uitleg hoor daar in die Midianiete se laer.

Die kruis is die hoogtepunt van hierdie werkswyse van die Almagtige. Die skande van die kruis en die skynbare nederlaag daarvan is die openbaring van God se krag waardeur Satan, die dood en die mag van ons sonde verslaan is.

Ons kan getroos wees dat die Here die wonderwerke van sy almag deur swakkelinge verrig. Oorhaastige mense tree op in hulle eie krag. Ons moet bitter versigtig wees daarvoor. Wie geduldig vertrou, sal weet dat mense se krag altyd te min is, maar dat die Here se krag juis in swakheid geopenbaar word op die Here se tyd.

As jy terneergedruk voel oor al jou swakhede, dan is daar vir jou ’n plek om na toe te vlug: die troonsaal van die Vader wat wawyd oop staan vir sy kinders. Ons het ’n Hoëpriester wat medelye met ons swakhede het (Heb. 4:15). Boonop ontvang ons beter waarborge as Gideon waardeur die Gees ons troos. Die doop en die nagmaal. Dink aan jou doop en vlug voortdurend na die Here se tafel, sodat ons geduldig kan volhard, al is ons hoe swak.

*Sing: Psalm 103-1:6, 7*

*Ds. RA (Ronald) Bain (Oranjerivier)*